

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 68

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

KOM TERUG MY KIND

Daar is duisende mense in ons land wat van die kerk vervreemd is. Duisende ander behoort nog net in naam aan 'n kerk, maar het alle aktiewe belangstelling verloor. Daar is ook 'n aantal van ons mense wat nog nooit aan 'n kerk behoort het nie.

Aan hulle almal word Quo Vadis met liefde opgedra.

Is u een van hulle?

Dan is dit ons opregte bede dat u in hierdie eenvoudige blaadjie die stem van u moeder sal hoor — u moeder wat in die Naam van Jesus Christus roep na haar verlore seuns en dogters. U moeder wat snags wakker lê van hartseer en bekommernis oor haar kinders wat haar nie meer liefhet nie. U moeder wat met baie pyn moes bemerk hoe u die rug op haar gedraai het.

As God u Vader is, is die kerk u moeder.

Sy verlang na u in u vreemdelingskap.

Sy bid nog altyd vir u in u nood.

Sy roep u toe in u eensaamheid... kom terug, my kind.

Ek het jou nog altyd lief.

O, kom dan tog terug.

Het u die roepstem verstaan?

Miskien het u, bewus of onbewus, lankal daarop gewag?

Dan het die tyd vir u aangebreek om terug te kom.

Huis toe... na u geestelike moeder toe.

Wat moet u doen? Dis vreeslik eenvoudig. Kom Sondag kerk toe.

DIE EIS VAN WARE GODSDIENS

Wat is godsdien?

“Wat is godsdien?” sal u vra. Hieroor wil ons vandag met u praat. Ons hoor hierdie woord so baie en ons verstaan dit dikwels, eintlik meestal, verkeerd.

Ons dink dikwels dat godsdien net van toepassing is as ons uit die Bybel lees, of as ons kerk toe gaan. Dit is mos godsdien om besig te wees met die Bybel, wanneer ons huisgodsdien hou of wanneer ons kerk toe gaan. Dan is ons godsdienstig besig, nie waar nie?

Godsdien is dus net wanneer ons elke Sondag twee keer kerk toe gaan. Dis net wanneer ons aan tafel Bybel lees. Dis net as ons gaan slaap, 'n gedeelte lees en 'n gebed doen. Nee, dis nie godsdien in die ware sin van die woord nie. Dis maar net 'n deeltjie van ons godsdien.

Godsdien beteken veel meer as dit. Godsdien beheers nie net 'n deeltjie van ons lewens nie. Nou moet u nie skrik as ons sê dat ons hele lewe godsdien is nie. Elke dag van ons lewe, alles wat ons doen – dit is godsdien. Die woord 'godsdien' sê dit ook – diens aan God.

Ons hele lewe is godsdien

Diens aan God is dus veel meer as om net kerk toe te gaan. Diens aan God is meer as om net huisgodsdien te hou. Weet u, ons hele lewe is diens aan God.

Het u al so daaroor gedink? 'n Gelowige is nie net elke Sondag 'n gelowige nie, maar hy is elke dag van sy lewe 'n gelowige en 'n Christen. U ken die eerste gebod. U het dit mos al baie gehoor: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie." Die kern van hierdie gebod is waaragtige godsdien.

Die negatiewe vorm waarin hierdie gebod geskrywe staan, is opvallend. Ons moet onthou dit is aan 'n volk gegee wat in sonde verval was. Vir hulle was die negatiewe vorm die regte vorm. Geen ander gode... niemand in die plek van God en ook niemand naas God nie — met ander woorde: God alleen.

God eis dus in hierdie gebod: 'n enige plek, met 'n enige diens, met 'n enige hart.

Wat sê die Nuwe Testament?

In die Nuwe Testament staan daar: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou kragte.”

Wat beteken dit? Jy moet God liefhê met alles wat jy het. Jou hele wese word opgeëis. Naas God mag daar nie plek wees vir iets anders nie. Jou hele lewe moet godsdien wees. Jou hele lewe moet op God gerig wees. In die Openbaringboek staan daar: “Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.”

Die doel van Godsdien

Die doel van godsdien is dus om te lewe tot eer en verheerliking van God. Lewe nie vir jouself nie, maar lewe vir God — elke oomblik en elke dag., nie net Sondae nie, maar elke dag van die week, nie net as ons 'boeke vat' nie, maar elke oomblik.

Lewe dus elke dag so dat dit mag strek tot eer en verheerliking van God.

Godsdien is noodsaaklik

U sien dus: Godsdien is uiters noodsaaklik. Jy kan dit nie ontwyk nie, al wil jy ook. Dit beheers jou hele lewe — nie net jou optrede nie, maar ook jou gedagtes en jou denke — ook dit moet gerig wees op God — ook dit moet suiwer wees.

Dit is noodsaaklik dat ons godsdienstig moet lewe. Ons moet ons sondes afsterf. Ons moet veg teen die werkinge van Satan. Lewe dus godsdienstig, sodat, wanneer Jesus op die wolke van die hemel kom om te oordeel die lewende en die dode, Hy sal sê: "Ek ken julle. Julle is my kinders. Ek sal julle met My neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Ons taak:

Dis 'n geweldige taak en roeping. Sien ons kans daarvoor? Ons is sondig en ellendig. Uit onself tot niks in staat nie. Hoe kan ons dit dan doen? Uit onself kan ons dit nie doen nie, maar weet u: God se genade is oneindig groot oor ons.

God het sy enigste Seun gestuur om ons sondes te dra. Jesus Christus het vir ons gesterf. So het Hy ons **verlos**. Alleen deur Jesus Christus is daar vir ons 'n nuwe lewe, 'n nuwe toekoms. Deur vir ons aan die kruis te sterf, het Christus vir ons die pad gebaan na die Vaderhuis.

En dis ons taak: Wandel op daardie pad. Lewe godsdienstig, volgens Gods gebooie, want die belofte en die beloning is heerlik: "Ek sal julle met My neem."

P. J. van der Walt.

DIE WARE BEKERING

Vraag:

Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord:

Uit twee dele: Die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe.

Vraag:

Wat is die afsterwing van die oue mens?

Antwoord:

Dit is 'n hartlike berou dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer, hoe meer haat en ontvlug.

Vraag:

Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord:

Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 33.

VOLHARDING IN DIE GEBED

Is dit nodig?

“Sê my... bid jy?” Dit is 'n baie ernstige vraag. Hiermee vra ek nie of jy darem so af en toe bid nie. Nee, my vraag is: “Volhard jy nog in die gebed? Hoe sien God jou... is jy 'n ware bidder?”

Geen mens kan die lewe deurgaan sonder om te bid nie. Die gebed is die lewe, die asem van die siel van die mens. So baie mense is vandag geestelik dood, omdat hulle die diepste van die godsdienste, die gebed, nie meer belewe nie. Die gebed is ook die eerste vrug van die bekering. As hierdie eerste vrug in jou lewe ontbreek, hoe kan daar dan verdere vrugte in jou lewe wees? Dit is die rede waarom ons kerke so leeg staan.

Waarom moet ek bid?

Is dit vir my nodig om te bid? Die antwoord hierop is 'n gloedvolle JA. Nie alleen omdat dit die lewe, die asem van die siel is nie, maar ook omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van my vorder. Hoor jy dit? Dit is die vernaamste deel van jou dankbaarheid en het jy as mens nie voorwaar baie dinge om voor dankbaar te wees nie? Dink maar aan alles wat jy het en wat jy is — dit is nie sommer vanselfsprekend nie — dit is alles genade.

Alles wat jy het, kom jou toe uit sy Vaderhand. Jy het geen verdienste nie. Daarom moet jy dankbaar wees en die dankbaarheid kan jy alleen bewys deur te bid. Jy kan op geen ander manier dankie sê nie. Ja, God wil jou hoor bid! Of jy ryk en of jy arm is, belangrik of onbelangrik, Hy wil jou hoor **bid!** Dit is ook waar dat God alles vooraf weet en dat Hy jou gange dag vir dag bepaal en bestuur, maar Hy het gesê: “Jy moet bid!”

Weet jy, die gebed is die altaar van dankbaarheid. Wat moet jy nou daarop neerlê? Alles wat jy nodig het na liggaam en na siel. Jy mag niks weglaat nie. Elke behoefte van die liggaam, die daaglikse brood, lê jy op die altaar neer, want jou Vader skenk dit aan jou. Alle geestelike behoeftes lê jy daarop neer. Jy moet alles op die altaar neerlê, sodat God dit kan sien. Al weet God vooraf wat jy nodig het, skenk Hy dit nie as jy nie vra nie — en dit doen jy in die gebed.

Waarom moet jy volhard in die gebed?

Omdat God jou gedurig in 'n biddende houding **wil** sien. Ja, God wil alleen sy genade en die Heilige Gees skenk aan diegene wat met hartlike sugte, sonder ophou, daarvoor bid en dank.

God eis dus van jou volharding in die gebed. Ja, hoe meer jy bid, hoe meer genade ontvang jy om te bid en hoe meer word jy vervul met die Heilige Gees. Dan word jou lewe ryk en vol en wil jy ook die borswapen van die geloof dra. Dan word die gebed ook die **kenmerk** van jou lewe en dra jy vrugte wat by die bekering pas. Dan loof jy God elke dag vir sy goedertierenheid en sy trou.

As jy volhard in die gebed, dan is daar ook gedurig kontak tussen jou en jou God. Weet dit: die gebed is ook die kragstroom tussen jou en jou Hemelse Vader. As jy gedurig in gees en in waarheid bid, dan ervaar jy ook hoe die krag vanuit die hemel in jou moeë liggaam invloei — hoe God jou met krag uit die hoogte omgord en jou sy genade skenk.

Op geen ander wyse kan jy jou dank aan God betuig as maar net deur die gebed nie. Volhard daarom in die gebed. Smeek biddend: “Here, dink aan my in u genade, want ek is swak en nietig. Here, leer U my bid — dan sal ek waarlik kan bid!”

Bid dan:

“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose, want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.”

E. J. Smit.

Die hoë hemelrond.
Vertel met blye mond.
Gods heerlikheid en eer
En, wonderbaar deurglans
Vertel die wye trans
Die werke van die Heer

Die dag roep orals luid
En duisendstemmig uit,
Dié loffelike sprake;
Die nag se stille stap
Meld kunde en wetenskap
Deur al sy donker wake.

- Ps. 19:1

Tel, weeg en meet

Menslike berekeninge

Getalle het in ons tyd sulke afmetings aangeneem, dat die menslike verstand dit nie meer alles kan behartig nie. Outomatisasie het in ons tyd 'n towerwoord geword. Rekenaars word ingespan om vir ons berekenings te doen. Gegewens word ingesleutel en die verlangde resultaat word verkry deur net 'n ander knoppie te druk. Op die wyse word opgetel, afgetrek en vermenigvuldig. Afstande in miljoene kilometer of ligjare word vandag met radiobeheer en ander apparaat vasgestel.

Die groter getalle

Deur middel van die wetenskap en die tegniek het die mens baie mag verkry. Deur die beheersing van die getal het die mens ook tot 'n groot mate beheer gekry oor ruimte en tyd. So word die ontelbare byna getel, die onweegbare geweeg en die onmeetbare gemeet.

Die groter mag

Op alle terreine sien die mens hom as magtig en groot. Getalle, mate en gewigte word deur die mens beheer. Dis hy wat tel, hy wat weeg en hy wat meet. Volgens hierdie berekenings word dinge beoordeel. Dit is die maatstawwe wat die bruikbaarheid of onbruikbaarheid bepaal. In die lig hiervan word ook deesdae gepraat van **mensemateriaal**.

Die mens as masjien

Die mens het nie net 'n nommer geword nie, maar ook 'n masjien. Die gevaar is wesenlik dat die mens in hierdie proses ook sy siel verloor, want dit wat nie bereken kan word nie, bestaan nie. Vandaar ook die opvatting dat God net 'n illusie is, want wat nie getel of geweeg of gemeet kan word nie, kan nie bestaan nie. In hierdie opvatting is daar ook geen plek vir die Bybel nie. Skrifwaarhede word as dwaasheid verwerp.

God se berekenings

Die groot waarheid wat so maklik oor die hoof gesien word, is dat dit eintlik God is wat tel en weeg en meet. Hy ken die mate van sy skepping, Hy ken die getalle van die sterre en Hy bepaal die gewig van wat waarlik geweeg mag word. Daarom kon God vir Belsasar sê: “Ge-weeg en te lig bevind.”

Ander Maatstawwe

God tel anders as die mens. Die enkele getal "een" het dikwels vir Hom groter waarde as die honderde. Ook is een dag in sy oë soos duisend jaar en duisend jaar soos een **dag**. Wat volgens ons soms baie groot lyk, is vir onse grote God baie klein. Wat by ons swaar weeg, word deur Hom te lig bevind.

Volgens God se berekenings is die mens maar baie klein. Die arme mens word deur Hom geweeg en te lig bevind, deur Hom getel en nie voldoende geag nie, deur Hom gemeet en skiet ver te kort. Daarom sal die mens een maal in die gerig geoordeel word. Al sy werke en ondernemings sal soos nietigheid gereken word. Alleen dit wat in die geloof gedoen is, sal blyk om waarde te hê.

Ons moet ons dus deur God laat beoordeel. Die wonderlike is dat die geringe deur Hom geag word en die minderwaardige in eie oë deur Hom waardig gesien sal word.

U vra: Hoe kan God so bereken? Hoe kan Hy so tel of weeg?

Hy doen dit om Jesus ontwil.

Volgens God se maatstaf moes sy eie Seun sterwe. Toe Jesus in u plek geweeg is, was Hy te lig bevind. Toe **God** Hom getel het in u plek, was Hy te gering geag. Volgens God se mate het Hy tekort geskiet. Daarom is Hy in ons plek veroordeel tot die dood toe.

MAAR Hy het oorwin. Hy was Middelaar en **Verlosser**.

As ons deur die geloof aan Hom verbind is, is ons volgens God se berekenings nie verwerplik **nie**.

Want... “Hy heel gebrokenes van hart en Hy oneindig ver ... Hy tel en roep die laaste ster. Sy krag en kennis ongemeet, oorwelf al wat ons ken en weet.” Ps. 147:2.

Buite Jesus om sal u geweeg en te lig bevind word... volgens God se maatstaf sal u ver te kort skiet en sy uitspraak kan niks anders wees nie as: Gaan weg van My julle werkers van die ongeregtheid ... Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.

U moet u laat beoordeel volgens die maatstaf van God. In die Bybel leer ons onself ken, maar daar leer ons ook ons Heiland ken.

Wat beteken Jesus vir u?

As u weer tel en weeg en meet, vra uself af of u ook deur God getel, geweeg en gemeet word en watter uitslag of resultaat u dink u kan verwag. U kan u maklik misreken deur op u eie berekenings staat te maak — selfs u vindingryke rekenaar kan hom misreken.

God se berekening sal suiwer wees, want elkeen sal geoordeel word na wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. Wat beteken Jesus vir u?

L. Buys.

EK het die KERK nie NODIG nie

Daar is baie argumente om hierdie stelling te onderskryf... is u seker?

"Nee wat, ek het die kerk nie nodig nie." Dit hoor ons vandag dikwels. U het dit miskien self al gesê. U is hiervan oortuig, want u oë was oop en u het baie dinge opgemerk. U het 'n magdom argumente om hierdie stelling te onderskryf. Ons noem maar net 'n paar.

- Wat bied die kerk my nou eintlik? Om week na week, maand na maand daar te gaan sit en luister na die eentonige gedreun van 'n predikant se stem. Die mense wat daar kom, is buitendien 'n klomp huigelaars — Sondag is hulle mooi uitgedos en vroom en Maandag 'n ander mens.
- My naweke, wat juis so kort is, is andersins my eie. Ek kan rustig my eie gang gaan sonder om my te versondig deur my te vererg vir die klomp vroom voordoeners.
- Ek is ook ontslae daarvan om soos 'n kind dopgehou te word — om nie te praat van 'n diaken wat gedurig maar geld kollekteer nie!
- En kan u my een geval noem waar dit beter gaan met mense wat kerk toe gaan as met die wat nie gaan nie en is kerkgangers se kinders dan beter as nie-kerkgangers s'n?

Tog wil ek die vraag stel: "Is u seker?"

Dit is soos u die kerk sien, maar kom ons kyk vir 'n oomblik verby hierdie argumente en luister wat die Bybel sê van die kerk. Miskien verskil dit ietwat van u opvatting.

Paulus noem die kerk 'n huis van God, (1 Tim. 3:15) en hulle wat aan die kerk behoort, huisgenote van God (Ef. 2:19). Hy noem dit ook die liggaam van Christus, (Rom. 12:4-8) waarvan hulle wat daaraan behoort die verskillende ledemate is.

Verder noem hy dit 'n heilige tempel in die Here, ('n tempel van die Heilige Gees) waarvan hulle wat aan die kerk behoort die lewende boustene is (Ef. 2:21; I Kor. 3:16).

Kerk as huis van God

In u huis is dit tog so gesteld dat die kinders hulle ouers liefhet en respekteer, dat broers en susters mekaar nie haat nie maar liefhet en dat die gesin nie van mekaar vervreem nie, maar dikwels bymekaar kom — veral by die ouerhuis. Hoeveel te meer moet dit nie so wees in die huis van God, waarvan ons huisgenote, broeders en susters is nie? Ook hier moet ons mekaar liefhê en eer. Ons mag ons nie afsonder nie, maar moet ons broeders en susters opsoek, mekaar ondersteun, ook met ons swakhede en tekortkominge en bo alles God, onse Vader, eer en aanbid. Die verskil tussen God se huis en ons huis is dat dit tydloos is — 'n huisgesin saam tot in ewigheid en altyd by die Vader.

Maar nou is hierdie ewige saamlewe beskore vir hulle wat aan hierdie huis van God behoort — aan die kerk.

Kerk as Liggaam van Christus

Net soos ons liggaam 'n menigte van verskillende ledemate het, elk met 'n ander funksie, van meer of minder belang, groter of kleiner — so is die kerk ook. Daar is verskeidenheid: elkeen met 'n ander taak en roeping. In hierdie volmaakte liggaam is elke lid noodsaaklik om sy taak goed te verrig en die Hoof van die Liggaam, Hy wat die lewe gee, is Jesus Christus. Hy regeer en beheer elke lid.

Om waarlik en opreg deel te wees van hierdie liggaam (die kerk), beteken om tot in ewigheid te lewe met Christus as ons Hoof.

Kerk as heilige tempel

Wat beteken een bousteen vir u? Daarmee kan die beste boukontraakteur en argitek niks maak nie. Die kerk is 'n gebou en die lewende boustene moet saam ingebou word — ook weer elkeen op sy bepaalde plek. Maar die los stene — die individu — wat nie ingebou wil word nie, is nutteloos. Wie nie nutteloos wil wees nie, moet in die kerk ingebou word. Hierdeur word dit duidelik dat die kerk nie uit 'n aantal los individue bestaan waar elkeen maar sy eie gang gaan nie. Elkeen het sy plek, maar bymekaar.

Ook is dit duidelik dat die kerk nie 'n vergadering of vereniging is wat deur mense gestig is nie — maar dit is van God. Belangrik — hulle wat aan die kerk deel het, het die belofte van die ewige lewe.

Hoe word die tempel gebou?

Nou is die vraag miskien: hoe kom hierdie kerk bymekaar? Die Bybel is duidelik. Christus gebruik die prediking van die Evangelie om sy kerk te vergader. U sien dus waarom Sondag kerk toe gegaan word. Waar Gods Woord is — daar is Gods volk.

Nou luister ons met 'n ander oor na die predikant. Dit gaan nie meer oor hom (met sy tekortkominge) nie, maar oor die Woord wat hy bring. Die nalating hiervan bring donkerheid. Jesaja sê: “Vir hulle wat nie volgens hierdie Woord spreek nie, is daar geen daeraad nie.” (Jesaja 8:20). Deur hierdie gepredikte Woord werk God die geloof in ons — en deur hierdie gepredikte Woord versterk God ons geloof.

Hier, in die kerk, saam met ander gelowiges, ontvang ons ook die sakramente:

Die **Heilige Doop** as teken dat ons van ons sondes gereinig is deur die bloed van Christus en 'n seël dat ons deel het aan sy volk.

Die **Heilige Nagmaal** waardeur God aan sy volk die brood en die drank gee op hulle weg na die ewigheid.

Sien u nou wat gaan verlore buite die kerk? Met die argumente aan die begin genoem, wen u miskien nou 'n "ongebonde, gelukkige" lewe, maar in die kerk, as huisgenoot van God, as deel van die liggaam van Christus, as lewende bousteen, ontvang u die Woord van die lewe en 'n lewe tot in ewigheid saam met die Vader.

Wat kan ons nou anders sê as: "Ek het die kerk meer nodig as wat ek ooit kon dink!"

Kobie van der Walt.

Die ou vraag

Die vraag is: "Kan ek 'n Christen wees sonder dat ek 'n lidmaat van die kerk is?"

Jou antwoord is waarskynlik: "Ja, dit is moontlik."

Dit sal wees soos 'n leerling wat nie die skool besoek nie, 'n soldaat wat nie by die leër aansluit nie, 'n burger wat nie deelneem aan sy volksake nie, 'n koopman wat nie kopers het nie, 'n ontdekkingsreisiger wat nie 'n basiskamp het nie of soos

'n handelsreisiger op 'n onbewoonbare eiland, 'n seeman op 'n skip sonder bemanning, 'n skrywer sonder lesers, 'n fluitspeler sonder orkes, 'n vader sonder gesin, 'n rugbyspeler sonder span, 'n by sonder 'n byekor.

Stem u nou nog saam met die antwoord wat bo gegee is?